# DIE SKIETLOOD

SKIETLOOD: 19e Uitgawe 12 Julie 2013
saam met Koersvas 19

**Die Bybel**

Die teologiese gesprek oor die plek en rol van die Bybel kan nooit afgesluit word nie. Die plek en rol van die Bybel in die geloofslewe van die enkeling en die kerk as geloofsgemeenskap moet telkens nuut verwoord word teen die agtergrond van die nuuste insigte en perspektiewe wat aangebied word. Die Bybel is ‘n teks en elke nuwe teksteorie of hermeneutiek kan in gesprek met die Bybel nuwe insigte bring of sekere perspektiewe aksentueer. Dit is somtyds juis die vertrekpunte van gelowiges op die verstaansreis wat ondersoek moet word. Een van die sake wat deesdae tot diepe debat aanleiding gee, is die vraag of die Bybel die Woord van God is, of dalk maar net menslike nadenke oor die goddelike is. Die tweede perspektief lê klem op die proses van menslike denke en ervaring asook die veranderende groei (evolusie) van die teks. Die voorstaanders van hierdie benadering is versigtig om die openbaring as ‘n gestolde objek te verstaan, iets wat maklik kan gebeur; indien die Bybel as Woord van God verstaan word. Aan die ander kant is diegene wat die Bybel as openbaring verstaan agterdogtig oor ‘n benadering wat by die mens begin en eindig. Die Skietlood wil ‘n stuiwer in die gesprekskolk gooi en kyk of daar nie goeie kennisopbrengs kan wees nie.

Die Bybel is God se Woord in mensetaal. Die stelling is aan die meeste lesers bekend en partye aan beide kant van die hermeneutiese skeur voel gemaklik om daarmee saam te stem. Die vraag wat nou gestel moet word, is of daar ‘n model binne die teologie is wat hierdie stelling verder kan laat uitkristalliseer. Die antwoord is eintlik voor die handliggend. Die Bybelskrywers het nie ‘n probleem om na Jesus as die ΛΟΎΟΣ (Logos=Woord) te verwys nie (Johannes 1:1e.a). Van Jesus glo ons dat Hy ware mens en ware God is. Toegepas op die saak onder bespreking, kan ons dit verwoord deur te stel dat die Bybel ten volle God se woord is en ten volle mense woord is. Die ten volle mense woord is maklik om aan te dui. Dit is die Goddelike aard van die Woord wat vir party problematies blyk te wees. Indien ons die Bybel sien as twee in aard, maar een dokument, sal ons sekerlik ook sekere hermeneutiese reëls (verstaansreëls) daar kan stel. Ons kan aan die een kant nie hierdie dokument soos enige ander in die kosmos benader nie, juis weens die unieke aard van die Bybel. Aan die ander kant kan ons nie elke woord daarin vervat tot onfeilbaarheid verhef nie; aangesien dit ‘n mensedokument is. In die voortdurende wisselwerking tussen mense woord en Godsopenbaring gaan die gelowige met die Bybel besig moet bly.

Daar is in die 4e eeu ‘n stel reëls opgestel, wat hierdie benadering tot die Woord van God verder kan vorm gee. Tydens die Chalcedon konsilie, was die twee nature van Jesus onder bespreking. Die Kerk het nie gevoel om nog ‘n geloofsbelydenis daar te stel nie, maar wou ook nie geen besluit neem nie. Hulle wou die ortodokse verstaan van Jesus verhelder. Daar is toe besluit om ‘n stel van vier negatief-positiewe spreekreëls daar te stel wat altyd kan dien as riglyn vir enige gesprek oor Jesus, dit wil sê enige gesprek wat Sy ware aard as ware mens en ware God wil verdiskonteer. Hulle het toe gestel dat die twee nature van Jesus (a) sonder vermenging, (b) sonder verandering, (c) sonder verdeeldheid en (d) sonder verdeling/skeiding bestaan. Enige spreke oor Jesus moes hierdie vier sake in ag neem.

Indien ons hierdie vier sake op die Bybel toepas, moet ons stel dat die Bybel as God se Woorde in mense taal ten volle God se openbaring en tegelyk ten volle mense woorde is. Dit beteken dat ons Openbaring en mense woorde nie mag vermeng nie. Om die twee met mekaar te vermeng, sal beteken dat ons God se Woord bloot kan afskaal na woorde van mense toe, of omgekeer dat menslike versugtinge en woorde as Goddelike dekrete verstaan kan word.

Die verhouding tussen openbaring en mense woorde sal ook nie verander nie. Die mens se woord sal nooit openbaring kan wees nie, dit bly God se Woord, en die openbaring sal nooit as bloot menslike nadenke afgemaak kan word nie. Hierdie verandering waarna verwys word, is natuurlik ten opsigte van betekenis en aard. Die Bybel gaan nie skielik net mense woord word of net openbaring wees nie.

Ons moet onthou dat God se Woord en mense woorde in harmonie met mekaar is. Die twee aspekte van die Skrif is nie verdeeld in terme van dit wat in die oog is nie, naamlik die saligheid van die mens. Eenstemmigheid tussen God se Woord en mense woorde is daar waar die versekering van die ewige lewe duidelik gehoor word.

Die twee begrippe kan ook nooit van mekaar geskei word nie. Openbaring kan nie anders as om in mensewoorde na die leser te kom nie en die lesers kan nie anders as om in die mense woorde te soek na die openbaring wat die mens telkens konfronteer nie. Dit beteken ook dat enige benadering wat die Bybel bloot as literatuur benader, kort van die merk sal opeindig omdat ‘n belangrike aspek van die teks nie in ag geneem word nie.

Met hierdie kort opmerkings word lesers uitgenooi om deel te neem aan die gesprek en nadenke oor die aard en plek van die Bybel. Laat sak self ‘n skietlood langs hierdie voorstel en bepaal; goed gebou of skeefgetrek wat afgebreek moet word?